## Deel 27 - 17 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Aankondiging van die komende groot nood – deur Vader aan Bertha Dudde gedikteer op 2/3/58

**No: 7053** Julle sal almal baie krag nodig hê, wat julle egter te alle tye ter beskikking staan. Want wie na My Woord luister, sal hierdie krag ontvang, sodra hy daardie woord in sy hart oorweeg en daarvolgens handel. Dan sal julle deur My Self aangespreek en word sodoende ook deur My liefde bestraal. En krag sal na julle toevloei, omdat My Liefde ook Krag is.

Maar wie My Woord **by sy ore laat verbygaan**, sal geen seën daarvan ontvang nie. Want met hom kan Ek nie in kontak tree nie en sodoende kan My krag hom ook nie deurstroom nie. **In die komende tyd van nood het julle almal My Krag nodig**, want op 'n aardse wyse sal julle nie julle lewensomstandighede kan bemeester nie. Slegs met My hulp sal julle slaag en Ek wil daarmee aan julle jul eie magteloosheid en ook kragteloosheid voor oë hou. Ek wil julle laat insien dat julle swakke wesens is, **sodat julle julle toevlug sal neem tot die Mag wat julle nou sal moet erken**. En dan sal die gesindheid van die mense vir julle duidelik word en die skrikwekkende ongelowigheid van die mense sal tevoorskyn kom. Julle sal die noodsaaklikheid insien om van My en My Ryk en van My Mag en My Liefde tot die mense te spreek, **om aan hulle die evangelie (van die liefde) te verkondig** en hulle tot geloof te bring.

Ook in hierdie tyd van nood sal daar hard gestry moet word met die "**swaard van die mond**". Want vele van die swakgelowiges sal nog meer begin twyfel in 'n God en Vader, omdat die onheil wat oor die mense sal uitbreek, vir hulle onbegryplik sal lyk as 'n werk komende van 'n liefhebbende God. Want alle mense waardeer die aardse lewe as mens nog te hoog. Om aan hulle daarom die betekenis en die doel van hul aardse lewe toe te lig **en hulle op die lewe na die dood te wys, is die dringende opdrag** aan hulle wat vir My wil werk. En hulle sal 'n groot arbeidsveld voor hulle sien lê.

Nog lewe die mense voort in onverskilligheid en louheid en dink nie aan hulle aardse opdrag nie. Daarom moet hulle in hul denke geskok word, want selfs die tallose rampe waarby baie mense hulle lewe sal verloor, ontstel hulle nie meer nie. Hierdie mense is nie anders meer te versteur **as deur 'n geweldige gebeurtenis** nie, wat elkeen sal tref wat dit oorleef.

En daarom wys Ek julle voortdurend daarop dat julle almal slegs moet voorberei in soverre julle julself in die liefde geoefen het, in soverre julle krag versamel het en julle julself met My verbind het, in soverre julle van My krag ontvang deur die aanneming van My Woord, sodat julle nie hierdie moeilike tyd onvoorbereid tegemoet sal gaan nie en sodat julle julle medemens tot steun kan wees en My Woord ook aan hulle verkondig. Want Ek sal geeneen van julle sonder krag laat **wat reeds vooraf vir My krag, My beskerming en My hulp gebid het nie**.

Dit sal duidelik word hoeveel julle wat met My gaan, sal kan verdra sonder om julself bomate belas te voel. Steeds weer spoor Ek julle mense aan om julleself by My **aan te sluit deur liefdadigheid en innige gebed vanuit die hart**. En steeds weer verseker Ek julle dat julle dan ryklik krag sal ontvang en niks hoef te vrees nie, selfs nie eers wanneer julle, volgens aardse maatstaf, alles sal verloor nie; **want Ek alleen kan julle gee wat julle nodig het** en Ek sal ook altyd sorg dra vir Myne, vir hulle wat My nie sal vergeet nie en in My hulle Vader sien; wat soos kinders in My arms vlug in elke nood en in elke gevaar.

Julle wat My wil dien, sal ook My nabyheid in die besonder voel, omdat julle die waarheid van My Woord sal insien en daarom steeds nader aan My sal kom; tot Hom Wie julle nou erken in Sy Mag en sterkte en in Wie se Liefde julle ook glo en waaraan julle daarom julself vol vertroue oorgee. En omdat Ek julle dan as stryders vir My en My Naam nodig het, omdat Ek julle nodig het vir ywerige arbeid in My wingerd, daarom sal Ek julle so duidelik bystaan, dat julle hierdie arbeid ook met sukses sal kan volbring.

Alles gaan gebeur soos wat dit in My verlossingsplan voorsien is, omdat slegs Ek weet wat tot heil van My skepsele dien. En ook die einde is onherroeplik beslis. Juis die einde gee My nog aanleiding **tot 'n laaste daad van erbarming,** ofskoon dit sal lyk soos 'n daad van wreedheid. Maar dit sal nog aan vele mense redding bring en word as 'n laaste middel aangewend om My skepsele die weg na My toe te wys. En hierdie daad sal nie heeltemal sonder sukses wees nie.

Ek dink aan die groot geestelike nood waarin die mensdom hulleself bevind en elke siel wil Ek daarom nog aanraak om haar vir My te wen. Daarom moet Ek 'n groot aardse ellende oor die aarde laat kom, **wat egter met My hulp oorwin kan word.** Want My Liefde en mag sal Hul oral openbaar waar Ek om hulp aangeroep word. Amein.